HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 90 van 2026**

12 Augustus 2026

**BELANGRIKE KENNISGEWING: DATUMVERANDERING – PA-EN-DOGTER- EN MA-EN-SEUN-DANSE**

Ons wil ouers graag in kennis stel dat daar 'n verandering aan die datums van ons Pa-en-dogter- en Ma-en-seun-danse is.

Die verandering is nodig as gevolg van die Matriekafskeid wat by die skool plaasvind en ons vra om verskoning vir enige ongerief wat hierdie verandering mag veroorsaak.

Die nuwe datums is soos volg:

- **Ma-en-seun-dans:** 20 Oktober 2026
- **Pa-en-dogter-dans:** 21 Oktober 2026

Ons sien baie daarna uit om hierdie spesiale geleenthede saam met ons Randjie-gesinne te vier en vir ons ouers en kinders 'n onvergeetlike aand te bied.

Kaartjies is steeds teen slegs **R50** per persoon op *D6* beskikbaar.

Baie dankie vir u begrip, ondersteuning en samewerking met die datumverandering. Ons waardeer dit opreg en sien daarna uit om hierdie spesiale oomblikke saam met u te deel.

Vriendelike Randjiegroete

M. van Niekerk
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof